


GANSBAAI GOLF CLUB / GHOLFKLUB



Nuusbrief 30 April Newsletter 30 April 2018

DIE MEES SUIDELIKE GHOLFBAAN IN AFRIKA
THE SOUTHERNMOST GOLF COURSE IN AFRICA

Beste gholfvriende

Van

In die toekoms sal die nuusbrief **aan die einde van die maand uitgestuur word** om die hele maand se gebeure te dek. * Sien bl 3 waar ons meer inligting verskaf oor die **Gedragskode vir ons lede**. Dit is 'n baie belangrike dokument. * Ons is besig met 'n **markingsveldtog om meer lede te werf**. Van die voorstelle is deur die komitee goedgekeur en jy kan baat daarby, lees op bl 4 hoe dit werk. *Bespreek nou vir die **komende kompetisies** op bl 2. * Onthou om jou klub **uitklopkompetisies** te reël. In die volgende brief sal ons die huidige voorlopers van die kompetisies aankondig.

Dear golf friends

In future the newsletter **will be sent at the end of the month** to cover all the activities of the month.

* On page 3 we shed more light on the **Code of Conduct** for our members. It is a very important document. * We are busy with a **marketing drive to sign up more new members**. Some of the suggestions approved by the committee appear on page 4. See how you can benefit. *Book for the **coming competitions** now, see page 2. * Remember to organize your club **knockout competitions**. In the next letter we will announce the current leader board.

NUWE LEDE / NEW MEMBERS

Ons verwelkom die volgende lede by ons gholfklub asook sosiale lede en hoop dat jul sal deel in die aktiwiteite sodat ons jul vinnig sal leer ken en jul vir ons. Mag jul baie plesier put uit jul lidmaatskap. Ons verwelkom Leon le Grange; buitelid Shaun Harris, sosiale lede Lize Scoonbee en Sherryl Steyn en muurballid Janke Kruger.

We welcome the following golf and social members at our club and hope that you will partake in the activities so that we can get to know you and you in turn get to know us. May you experience good times at our club. We welcome Leon le Grange; country member Shaun Harris, social members Lize Scoonbee and Sherryl Steyn and squash member Janike Kruger.

COMING COMPETITIONS / KOMENDE KOMPETISIES

2 MAY	WOEN	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)	RARE PLASTIC BORGDAG	R50+R80
4	VRY	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD		R20+R60
5	SAT	HOUESPEL		R50+R80
9	WOEN	4BBB STABLEFORD		R50+R80
11	VRY	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	BEGIN 15:00 (HoenderPlusSundowner)	R50+R60
12	SAT	4BBB STABLEFORD	LEDEDAG	R50+R80
16	WOEN	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)		R40+R80
18	VRY	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD		R20+R60
19	SAT	4BBB STABLEFORD	GANSBAAI ACADEMIA	
23	WOEN	4BBB STABLEFORD		R50+R80
25	VRY	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	STEAK BRAAI	R20+R60
26	SAT	ENKEL STABLEFORD	Sanlam Kanker Gholfdag	R150
30	WOEN	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)		R40+R80

GHOLF RÈELS

Van tyd tot tyd is dit nodig om gholfspelers weer attent te maak op gholfräels en gholfetiket op die baan. Die toestand van die baan na sommige gholfdae laat veel te wense oor. Ons 'greenkeeper' en baanwerkers bied dit vir ons in 'n pragtige toestand en ons moet dit so hou.

- Valmerke (pitch marks) op die setperk...terwyl jy staan en wag... maak dit reg, dit stel sommer 'n voorbeeld vir die wat 'vergeet'.
- Let op jou spelspoed, wees aandagtig om by te hou by die groep voor jou maar om onder hul in te slaan om hul bietjie wakker te maak, was nog nooit goeie gholfetiket nie.
- Maak seker jy is by die bof tien minute voor jou afslaantyd, moenie jou spanmaats laat wag nie. Hou by die program afslaantyd. (In die volgende nuusbrief sal dit in engels verskyn).

BEMARKINGSVELDTOG OM NUWE GHOLFLEDE TE WERF

1. Lid-stel-lid-voor skema

'n Bestaande volle lid sal 10% korting op sy/haar jaargelde (geen kontant beloning) vir die volgende termyn ontvang vir elke nuwe vol lid wat hy/sy werf. Die bestaande volle lid moet as voorsteller op die aansoekvorm verskyn en die aansoeker moet bevestig dat die bestaande lid hom/haar wel gewerf het ten einde die korting op jaargelde te bekragtig.

2. Gade program

Waar die gade (ingesluit wettige lewensmaat) van 'n bestaande lid by die klub as volle lid aansluit, word so danige gade onthef van aansluitingsfooie. Hierdie praktyk is geldig vanaf datum en is nie terugwerkend van aard nie.

MARKETING DRIVE TO FIND NEW GOLF MEMBERS

1. Member introducing member scheme.

An existing full member will get a 10% discount on his/her annual golf fees (no cash refund) for the next term for each new full member that he/she will refer. The existing full member will appear as the introducer on the application form and the applicant must confirm that the existing member recruited him/her.

2. Spouse program

Where the spouse (including legal life partner) of an existing member at the club joins as a full member, the new partner or spouse will be exempted from the joining fee. This practice is applicable from date and is not retrospective by nature.

LIGANUUS

ONS SPAN HET IN HUL LIGAWEDSTRYD TEEN KLEINMOND GELYK GESPEEL OP SATERDAG 21 APRIL. HUL HET OP KLEINMOND GESPEEL. HOU SO VOL JUL VAAR UITSTEKEND!

LEAGUE NEWS

OUR LEAGUE TEAM DREW IN THEIR MATCH AGAINST KLEINMOND ON SATURDAY 21 APRIL. THEY PLAYED AT KLEINMOND. KEEP UP THE GOOD RESULTS TEAM, YOU ARE DOING SPLENDIDLY!



Show me the man who is a good loser and I'll show you a man who is playing golf with his boss.

James Murray.

They say golf is like life, but don't believe them. Golf is more complicated than that.

Gardner Dickinson

VAN DIE KOMITEE / FROM THE COMMITTEE

GEDRAGSKODE / CODE OF CONDUCT

Die gedragskode is in die laaste nuusbrief aangekondig. Vir 'n geruime tyd reeds is die bestuurskomitee gemoeid met die saamstel van 'n gedragskode vir ons klub. Nie net is dit 'n algemeen aanvaarde beleid by gholfklubs regoor die wêreld nie, maar is die bestuurskomitee ook van mening dat dit baie belangrik is om aanvaarbare gedrag, optrede en etiket by ons klub te bevorder en te versterk.

Elke afdeling van die gedragskode is ontwerp om eerlikheid, beleefdheid en wedersydse respek te bevorder en om almal wat in ons fasilitatee deel, te konsidereer.

Ons beplan om eersdaags 'n 2-blad verkorte weergawe in die glaskas in die voorportaal aan te bring.

'n Volledige 6-blad weergawe sal mettertyd aan alle lede sirkuleer word.

Soos is die grondwet vervat, word verlang dat elke lid hierdie weergawe onderteken. Vir hierdie doel en ten einde kostes te bespaar, sal een 6-blad kopie met 'n volledige lys van lede daarby aangeheg, by die klubhuis beskikbaar wees sodat elke lid dit kan bestudeer en onderteken. Ons sal almal op hoogte hou met die vordering van die dokument.

Ons vetrou dat almal die gedragskode verwelkom en dit getrou sal navolg om sodoende Gansbaai Gholfklub uit te bou en 'n voorkeur sportfasilitet en kuierplek vir lede en besoekers te maak.

The code of conduct was mentioned in the last newsletter. The committee has for some time tasked itself with the drawing up of a code of conduct for our club. Not only is it an acceptable practice for golf clubs worldwide but is the committee also of the opinion that it is important to introduce acceptable behaviour and etiquette at our club and to assert this.

Each part of the code has been carefully considered to reflect honesty, mutual respect and to consider each other with the use of our facilities.

We are planning to display a two-page summarised document in the glass case in the foyer shortly.

The full six page version will be circulated to all members.

As per the constitution, it is expected that each member sign this document. For this purpose and to save costs, one 6-page copy with a complete list of members attached will be available at the clubhouse so that each member can study and sign it. We will keep you updated re the progress of the document.

We trust the everyone will welcome the code of conduct and will adhere to it diligently so that Gansbaai Golf Club becomes a choice sport facility and recreation spot for members and visitors.

KOMPETISIE WINNERS/ COMPETITION WINNERS

Saturday 31 Maart

4BBB Stableford

Winners Dicky de Kock and Malcolm Bury with 46 points.



Saturday 7 April

Fund raiser day for Andre Roos.

Single Stableford

Winner Jakkie Beukes with 44 points.

Saturday 14 April

A21 Campaign competition.

4 Ball American Scramble

Winners Barry and Marie Fourie with 63



Sat 21 April.

4BBB Stableford

Winners Solly Wessels and Leon Lombaard with 45 points.

Saturday 28 April

BARC Golf Day. Fund raiser day.

Single Stableford.

Winner Bev Swart with 39 points.



SOSIAAL / SOCIAL

BIRTHDAY WISHES MAY / VERJAARDAGWENSE MAY

1. Francois vd Merwe
3. Bev Swart
5. FXT Schroter
6. Pierre Pieters
6. Mike Visser
7. Ewil Botes
9. Christiaan Steyn
11. Johan Pieterse
12. Jennie Hall



16. Leon le Grange
17. Martin Tavener- Smith
18. Stephen Hitchcock
19. Saretha Blignaut
22. Frans Conradie
22. Gina Esterhuizen
25. Dietmar Butzkies-Schiemann
27. Cedric Whittal
30. Malcolm Bury

May your basket be filled with happiness and may you fly high the whole year.

Mag jou mandjie gevul wees met blydskap en jy heeljaar hoog vlieg.

MUURBAL SPELERS / SQUASH PLAYERS

Die speelfooie vir muurbal is soos volg aangepas: R35 vir 60 minute en vir besoekers R70 vir 60 minute.

The playing fees have been adapted: R35 for 60 minutes and for visitors R70 for 60 minutes.



No this is not an alien invasion, it is the social PILATES group in action - in our hall. The photo above was taken on 'cupcake day'. The challenge was to bake vegan cupcakes. More incentives are on the way, the next one will for example be a vegan hamburger day! If you are interested to join contact Sonia Mildner at 0724564580.



WEBTUISTE / WEBSITE

GHOLFKLUB WEBTUISTE / GOLF CLUB WEBSITE

Graag vestig ons almal se aandag daarop dat die enigste amptelike webtuiste van ons gholfklub <https://xplorio.com/gansbaai/gansbaai-golf-club/> is. Ons aanvaar geen aanspreeklik vir byvoorbeeld foutiewe speelfooie wat op ander webtuistes verskyn nie. Indien jy nuusbriewe gemis het is dié ook op ons webtuiste beskikbaar. Om op die webtuiste te kom is baie eenvoudig. Jy hoef nie die URL te onthou nie. Op Google tik slegs in, 'Gansbaai Golf' en die Xplorio webtuiste sal vertoon. Komende kompetisies word ook daar gepos.

We would like to draw your attention to the fact that <https://xplorio.com/gansbaai/gansbaai-golf-club/> is the only official website of our golf club. We cannot accept responsibility for any other website information about our golf club, for example, golf fees. In case you missed out on newsletters they are also available on this website. You do not have to remember the URL, simply type in "Gansbaai Golf on Google and it will take you to the Xplorio website. The golf competitions for each month are also posted there. Happy browsing.

FLORA OP GHOLFBAAN

Poeierkwas / Haemanthus coccineus

"Hier het ons sommer 'n baie eienaardige plant. Die Haemanthus lyk of dit 'n stingel uit die grond is met rooi en geel kwassie bo-op. Die coccineus lyk of dit 'n stingel uit die grond is met 'n rooi en geel kwassie bo-op. Daarom die naam "Poeierkwas". Dit is in die familie Amaryllidaceae en is 'n bolplant en sommige spesies van die Haemanthus lelies, blom in die somer of in die winter. Die generiese naam "Haemanthus" is afgelei van die woord "haima" vir bloed en "anthos" vir blom. Die spesie coccineus is afgelei van Latyn wat "rooi" beteken. Dit word ook in Afrikaans die "bloedblom" genoem. Die blomkoppe verskyn tussen Februarie en April. Die stingel is vlesig en staan meestal regop, maar kan soms ook skuins neig. Nadat die plant klaar geblom het, verskyn daar deurskynende vlesige bessies wat 1 – 3 donker wynkleurige sade bevat. Plante word versprei deur die sade. Hierdie plante is baie aanpasbaar en groei in enige soort grond."



Dit groei ook baie goed in kustuine. Saai die sade in diep saadrakkies in sanderige grond en druk liggies vas, maar die boonste gedeelte van die saad moet nog sigbaar wees. Gee genoeg water nadat dit gesaai is. Wanneer die eerste blaartjies verskyn kan minder water gegee word. Indien die blare geel word, verminder die water heeltemal. Dit kan ook direk in die grond geplant word en vertoon soos aspersies wanneer die stingels begin uitkruip. Hierdie is 'n waterwyse plant en kan oorleef met reën alleen. Dit vertoon ook baie mooi as 'n potplant.

Die vars blare van die plant is gebruik vir septiese sere. Die bol kan ook opgesny en in asyn gekook word en dan gemeng word met heuning en kan gebruik word om asma te behandel. Raadpleeg altyd u geneesheer alvorens u hierdie medikasies gebruik. Onthou ook om altyd u hande goed te was nadat met bolle en ander plante gewerk is".

Bron: <http://www.dievryburger.co.za/2014/05/poeierkwas-haemanthus-coccineus/>

This newsletter is compiled by Gina Esterhuizen.

You are welcome to contact me at gina.esterhuizen2@gmail.com

Golf email: gbgholf@gmail.com

Web address: <https://xplorio.com/gansbaai/gansbaai-golf-club/>

Facebook: Gansbaai Gholfklub/Golf Club

